# Les 22 DIE EVANGELIE RUS ONS TOE OM IN DIE GEWONE LEWE MEKAAR IN EEN GEMEENTE TE DIEN IN LIEFDE

## 1. Ons is toegerus vir diens

Kom ons lees weer ’n keer Galasiërs 5 vers 6 en 13:

*“[6] In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan. ... [13] Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.”*

Die Here het ons elkeen met talente toegerus. Wanneer ons hierdie gawes gebruik in diens van ons naaste, is ons met godsdiens besig. Die liefde wat God vir ons het, maak dat ons hierdie gawes weer uit liefde vir Hom, in diens van ons naaste stel. Die liefde van God vir ons deur die Evangelie, maak ook dat ons hierdie diens aan ons naaste bewys volgens die riglyne van die Tien Gebooie.

Hierdie dienswerk is die gewone werk waarmee ons elkeen elke dag besig is.

As ek van die Here die gawe ontvang het om te kan boer, dan doen ek dit om kos aan die gemeenskap te verskaf. Dit is ’n diens wat ek aan die mense bewys: ek verskaf kos aan hulle sodat hulle met geloof in hulle harte kan bid: “Gee ons vandag ons daaglikse brood”. Hulle weet die Here sal mense toerus om kos te produseer.

As ek van die Here die gawe ontvang het om te kan handel dryf en besigheid doen, dan doen ek dit dat mense dinge wat hulle nodig het, kan koop. Ek buit hulle nie uit omdat ek gierig is nie, maar ek lewer ’n diens omdat ek besigheid kan doen. Op so ‘n wyse kan mense vir hulle kinders en gesinne sorg.

Ons het ook al gesien dat hierdie toerusting deur die Heilige Gees plaasvind: God se liefde wat deur Jesus opgewek word in die Hemel, word deur die Heilige Gees versprei oor die hele aarde, tot by elke mens.

*“[5] Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die Evangelie glo?”* (Gal. 3:5)

## 2. Die Here maak gelowiges lede van gemeentes

Kom ons lees Romeine 12 :4:

*“Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie.”*

In hierdie vers praat Paulus van twee verskillende sake: ’n lid en ’n liggaam. Hy gebruik die mens se liggaam wat verskillende dele het, as ’n voorbeeld van hoe die Christelike godsdiens werk. Elke lidmaat het gawes en ’n werk, net soos wat die voet moet loop, die

hand moet vat, en die oog moet sien. Elke lid lewer ŉ diens wat die ander nodig het – omdat almal deel is van een liggaam.

Hierdie liggaam waarvan Paulus praat, is die gemeente of die kerk van die Here. Die toerusting van gelowiges met God se liefde, vind altyd plaas aan gemeentes. Dit vind nooit plaas deur gelowiges een – een nie.

Net soos verskillende elektriese toebehore in een huis. Ons kan Paulus se voorbeeld van die liggaam, ook toepas op ŉ huis. Binne-in ŉ huis is daar baie elektriese toebehore: yskaste, vrieskaste, stowe, ketels, verwarmers, rekenaars, ligte, radio's, TV's, wasmasjiene, droërs, ens.

Al hierdie toebehore is maar net dele van ŉ huis. Nie een van hierdie toebehore kan sê dat hy ŉ huis is nie: ŉ yskas is nie huis nie, ŉ stoof is nie ŉ huis nie, ŉ ketel is nie ŉ huis nie – elkeen is maar net ŉ belangrike deel van ŉ huis.

So werk dit ook met Christene. Elke Christen is ŉ baie belangrike lid van ŉ gemeente, wat sy diens met sy talent moet lewer, maar hy bly maar net ŉ lid van die gemeente. Een lidmaat kan nie ŉ gemeente wees nie. Die Here maak ons ŉ lid van ŉ gemeente.

**3. Vir al die verskillende lede is daar net één gemeente**

Kom ons lees Romeine 12: 5 – 6:

*"Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. [6] Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan ons elkeen gegee het."*

Is daar iets soos: ŉ huis vir ketels, of ŉ huis vir yskaste, of ŉ huis vir stowe, of ŉ huis vir ligte, of 'n huis vir rekenaars? Dit is lekker simpel. Vir al hierdie verskillende toebehore is daar net een huis. ŉ Mens bou nie vir elke ding sy eie huis nie.

Dit werk eintlik net mooi andersom: al die toebehore word gemaak vir een huis.

Dit is hoe die Here met ons as gelowiges maak. Hy maak ons elkeen verskillend en sit ons almal in een gemeente. Elke gelowige moet saam met al die ander wat heeltemal anders werk en leef as hy, in een gemeente die Here dien.

**4. Die Heilige Gees rus gemeentes toe, nie lidmate een-een nie**

Kom ons lees gou 1 Kor. 12: 12 en 13:

*"[12]Net soos die liggaam ŉ eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. [13] Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk."*

Die gemeente of kerk van die Here word met een Gees deurdrenk. Die beeld wat Paulus hier gebruik, gaan om iets in water te doop. As jy iets soos beskuit in water doop, dan word die hele beskuit vol van dieselfde water. Die Gees doop die gemeente in die genade en liefde van God vir sondaars. Kyk mooi hoe stel Paulus dit: ons word ook deel van die genade van die Here omdat ons deel is van Sy liggaam. Daar is geen ander manier om aan God se genade deel te kry, as net deur ŉ lid van die gemeente van die Here te wees nie.

Kom ons vergelyk dit met ons ketelbeeld! Wat word met krag toegerus, ketels of huise? Dit is huise wat bedraad word om die krag vanaf die kragsentrale te kan ontvang, nie ketels nie! ŉ Huis word so gebou dat elke kamer toegerus is om krag te kan ontvang.

So werk die Heilige gees ook. Hy vul ŉ gemeente met die krag wat van die kragsentrale kom: die liefde en genade van God.

Daar is net een manier waarop ŉ ketel krag kan ontvang: hy moet ŉ lid van ŉ huis word wat met krag toegerus is. So is dit ook met ons – as ons wil leef uit die krag van die Evangelie, dan moet ons lid wees van ŉ gemeente. Daar is geen krag van God wat voorsien word aan mense buite gemeentes nie, net soos wat daar geen krag vir ketels is wat nie deel van ŉ huishouding vorm nie.

Gemeentes word deur die Heilige Gees gedoop met die liefde van God, nie lidmate een-een nie.

Dit sal net so simpel wees as om te sê Evkom moet ŉ ketel bedraad net soos ŉ huis bedraad word vir krag. Ketels word nie bedraad vir krag nie, huise word. Ketels moet binne-in huise wees om hulle krag binne die huis te kry.

**5. Alle gemeentes word dieselfde toegerus**

Wanneer Paulus van die liggaam van die Here praat, dan sluit hy al die gemeentes van die Here in. Daarom sê hy in 1 Kor.1:13: *"Is Christus dan in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig, of is julle in die naam van Paulus gedoop?"* Die gemeentes in Korinte, Rome, Jerusalem  en Antiogië is almal in dieselfde Gees gedoop.

Die Vader stuur nie ander liefde na Rome as wat Hy na Korinte toe stuur nie. Jesus draai nie die sondes van Jerusalem anders om as wat Hy die sondes van Antiogië omdraai nie. Die Heilige Gees bring ook nie ander krag na gelowiges die gemeente Efese toe as wat Hy vir die gelowiges in die gemeente van Filippi bring nie.

Elkeen van hierdie gemeentes is ten volle toegerus om presies dieselfde krag na ketels toe te bring as die volgende een. Dit is net soos huise wat elektries bedraad word. Elke huis word presies dieselfde bedraad om dieselfde krag te kan ontvang.

**6. Lidmate dien in elke gemeente met hulle spesifieke gawes**

1 Kor. 12: 18, 19 en 29:

*"[18]Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. [19] as almal saam net een lid was, hoe sou daar ŉ liggaam kon wees? [29] Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam."*

Die Here het Sy kerk so toegerus dat elke lidmaat in elke gemeente met sy spesifieke gawe kan dien. Die Here het nie sekere gemeentes so gemaak dat hulle net sekere lidmate kan huisves, en ander gemeentes wat weer die ander moet huisves nie. Elke lidmaat vorm deel van enige gemeente binne die kerk – omdat dit dieselfde kerk van een Here is.

Dit is soos met ketels. Huise word so bedraad en ketels so gemaak dat enige ketel, in enige huis, sy werk kan doen. Elke huis in die hele land kry uit een maatskappy, Evkom, presies dieselfde krag by elke huis. Elke huis is so bedraad dat dieselfde krag in elke huis ontvang word. Elke ketel het twee kontakpunte wat maak dat hy in enige huis kan kook. Ketels kook nie in een huis beter as in ŉ ander huis nie.

Lidmate is toegerus met geloof in die Evangelie en liefde volgens die Tien Gebooie. Die krag vir hierdie geloof en liefde ontvang hulle binne-in gemeentes deur die Heilige Gees. In elke gemeente, vanaf Kaapstad tot in Messina, word elke gemeente toegerus met dieselfde liefde en genade van God. In elke gemeente kan enige lidmaat sy gawes gebruik om sy naaste ten volle te dien – net soos ŉ ketel in enige huis wat bedraad is, kan kook.

**7. In bygeloof soek mense net sekere mense uit by wie hulle pas: vertoonkas-godsdiens binne ŉ huis**

Kyk wat sê Paulus vir die lidmate in Rome in Romeine 12: 3:

*"Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het."*

Wat gebeur hier? Hier is lidmate wat nie meer hulle diens aan al die gelowiges binne die gemeente wil lewer nie. Hulle begin meer van hulle self dink as ander lidmate. Sodra so iets binne-in ŉ gemeente begin, dan wil hierdie lidmate net byeenkom met die lidmate van wie hulle net soveel dink as van hulleself. Met die ander lidmate van wie hulle nie so baie dink nie, wil hulle nie meer saam wees nie.

Hoe kan so iets gebeur? As elke lidmaat weet dat hy sy talent elke dag in die gewone lewe net kan gebruik tot eer van God deur die geloof in die Evangelie, en volgens die riglyne van die Tien Gebooie, dan kan ŉ mens mos nie van jouself meer dink as wat jy moet nie.

ŉ Ketel kan nie dink dat yskaste nie in ŉ huis hoort nie! ŉ Rekenaar kan nie dink ŉ wasmasjien mag nie in ŉ huis wees nie! Wanneer elkeen sy eie gawe aanvaar en weet almal leef uit dieselfde krag: die Evangelie, dan aanvaar ons elkeen mekaar in die huis soos en waar God ons gesit het.

Hierdie meerderwaardigheid is weer die teepotgodsdiens van bygeloof. Dit is mense wat nie die Here wil dien met hulle talente nie, maar soos Jesus wil wees. Jesus is vir hulle ŉ rolmodel van hoe ŉ mens deel van God se lewe kan word. Hulle wil nie die Tien Gebooie gehoorsaam nie. Hulle wil graag hê mense moet God in hulle lewe raaksien.

Dan word mense teepotte waar die een blinker, meer waardevol en kunstiger as die ander wil wees. Hierdie teepot-godsdiens is nie meer ŉ godsdiens waar een lidmaat in enige huis inpas, en elke lidmaat ewe belangrik is nie.

Dit is ŉ vertoonkas-godsdiens: hulle wil soos duur teepotte in vertoonkaste uitgestal word en net vir al die spesiale geleenthede uitgehaal word om indruk te maak, terwyl die gewone ketels en ander toebehore elke dag maar hulle gewone werk moet doen.

In gemeentes vorm hierdie bygelowige mense groepies en noem hulleself die "wedergebore en geestelike Christene", terwyl die ander Christene sommer die ou tradisionele en vleeslike Christene genoem word. Hulle noem hulleself die "vernuwende Christene", terwyl die ander maar net die gewone Christene is.

Hulle sien hulleself as die mense wat spesiaal voor in die erediens moet gaan vertel oor hoe hulle God liefhet en hoe hulle tot bekering gekom het, terwyl die ander maar net elke dag in die gewone lewe hulle gawes in diens van God en hulle naaste stel. Hulle soek altyd sulke vertoongeleenthede, en die res van die tyd wil hulle niks met die gewone lewe te doen hê nie.

Baiekeer wil hierdie mense gemeentes hê waar daar net mense soos hulle is, terwyl die ander gesien word as mense wat nie regtig daar hoort nie en maar net verdra word, omdat hulle so gewoon en alledaags is.

Dit is ŉ godsdiens waar mense graag in die ryk gemeentes wil wees, in die kunssinnige gemeentes wil wees, in die vooraanstaande gemeentes wil wees, in die vernuwende gemeentes, in die geestelike gemeentes en die slim gemeentes wil wees.

Wanneer hulle in hierdie gemeentes is, dan werk hulle hard en leef hulle mee. Maar as hulle trek en in arm gemeentes kom waar daar nie professore, kunssinniges en rykes is nie, dan kla hulle oor die gemeente en sê hulle hierdie gemeentes is dood en beteken nie vir hulle iets nie.

Dit is ook die gesindheid waar kinders nie meer in gemeentes kerk wil hou nie, maar in groepies maats van wie hulle hou. Dan word kinders lede van groepe wat nie gemeentes is nie, en hulle maak asof hulle nie hou van die godsdiens wat in gemeentes beoefen word nie.

Dit is teepot-godsdiens: mense wat soos Jesus die Here wil wees, en nie die Here met hulle talente wil dien uit die krag van geloof nie, en dink die gewone manier van God dien is te oud, te tradisioneel, te styf, te formeel, te eenvoudig en te gewoon vir hulle.

**8. Ysterketel-godsdiens is kragvertonings buite ’n huis**

Julle gaan ook agterkom hoe werk die ysterketel-godsdiens. Is dit vir ’n ysterketel nodig om in ’n huis te wees? Nee! Hierdie ketels het nie ’n huis nodig nie. Jy kan enige plek vuurmaak in die veld en dan maak jy sommer daar kookwater.

Bygeloof werk ook so. Mense kan met gierigheid, eersug, eensaamheid, siekte en droogte gedryf word om al die goeie werke te doen wat ’n Christen doen.

Hierdie mense het egter nie die gemeente van die Here nodig om hierdie werke te doen nie. Hulle doen hierdie goeie werke nie deur die krag van die Evangelie nie. Daarom het hulle ook nie die gemeentes nodig waarin die Here Sy liefde en genade uitdeel nie.

Hulle is volgens die Bybel goddeloses: hulle het nie God en Sy gemeentes nodig nie. Hulle doen wat hulle doen deur die krag van hulle eie begeertes, buite die kerk. Hulle doen wat hulle doen sonder enige liefde van God, of liefde vir God: sonder ’n kontakpunt wat in ’n huis ingeprop moet wees.

**9. Almal een in Christus**

As jy jou talente ontdek waarmee jy God elke dag in die gewone lewe dien, jou geloof stel in die Evangelie en luister na die Tien Gebooie, dan sal jy hierdie wonder van die Christelike godsdiens ontdek: jy kan in enige gemeente, saam met enige gelowige, op enige plek in die land, voluit leef vir God, en jou naaste dien.

Hoekom? Want almal het een Vader, een Here en een Gees: almal is gekoppel op een kragsentrale! Almal kry presies dieselfde krag uit presies dieselfde dinamo: Jesus; almal word op presies dieselfde wyse deel van God se liefde: deur die bruindraad – net die Evangelie; almal luister na God op een manier: deur die bloudraad – die wet; almal het twee kontakpunte: geloof en liefde.

Meer, jy gaan ontdek dat jy hierdie lidmate ook in die gewone lewe om jou nodig het, en dat hulle met hulle gawes God ook dien op die plekke waar Hy hulle geplaas het, terwyl ons saam een gemeente van die Here is.

Geen gelowige ontvang die krag van God se liefde en genade buite gemeentes nie. Ons is almal lede van een gemeente en daarom lede van mekaar – al is een ’n ketel en die ander ’n verwarmer.

**10. Bygeloof – elkeen op sy eie besig met ’n beter vertoning, al is hulle saam**

In bygeloof het lidmate nie elkeen ŉ eie talent en eie plek in die wêreld, terwyl almal een en dieselfde kontakpunt het nie.

Kyk maar hoe werk teepotte en ysterpotte!

Elkeen moet vir dieselfde geleentheid kompeteer, terwyl hulle almal die hele week net op dieselfde plek in een vertoonkas staan en niksdoen nie.

So kompeteer hierdie bygelowiges om ‘n beter en mooier een te wees as ander bygelowiges. Elkeen wil die een wees wat net in ŉ vertoonkas staan die hele tyd, en die een wees wat net vir die spesiale vertoongeleentheid uitgehaal word.

Al wat hulle saamhou, is dat hulle glo Jesus is die super-duper-beste ketel, en almal probeer soos Hy wees. Verder deel hulle niks met mekaar wat dieselfde is nie: hulle het geen kontakpunt om in een geloof, in een Here te deel nie.

Hulle lewer geen gewone dienste soos verkoop van noodsaaklikhede, herstel van karre, onderwys gee en beskerm as polisieman nie – dit het vir hulle niks met godsdiens te doen nie. Hulle sal nooit verstaan dat dit is hoe ŉ mens, deur geloof en liefde, God en jou naaste dien nie.

Die hele week wag hulle net om in geestelike groepies en in eredienste ŉ vertoning van hulleself te gee: hoe bekeerd is hulle, hulle geestelik is hulle, hoe baie is hulle soos God en hoe anders is hulle as die gewone Christene wat God elke dag dien deur hulle gewone werk in geloof en liefde  te doen.

Ons is as Christene toegerus om God in die gewone lewe te dien, elkeen met ons eie gawes, ons eie besondere taal en eie besondere plek in die gewone lewe,  terwyl ons almal saam een gemeente is en op dieselfde wyse aan Here gekoppel is: deur geloof en liefde in die Wet en Evangelie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________
Handtekening: ouer of voog